HOËRSKOOL BRACKENFELL | BRACKENFELL HIGH SCHOOL

# BRAKKIE NEWS

## Altiora Spero

NEWSLETTER 1 – 2023 | NUUSBRIEF 1 – 2023

## 100% SLAAGSYFER PASS RATE

Philip Loubser
Dux learner (93,7%)
8 Distinctions – 1 above 80%,
7 above 90%: Afr EAT 97%, Maths 95%,
LO 91%, EGD 95%, IT 95%,
Phys Science 95%, Accounting 94%

Ons is 100% breëbors trots op ons **100% slaagsyfer** na die hermerkproses van die NSS-eksamen. Al ons 264 matrieks slaag. Ons is ook trots op ons 325 Vak A's. Weereens baie geluk aan die skittergroep van 2022 en almal wat 'n aandeel gehad het in hulle sukses.

We are 100% proud of our **100% pass rate** after the remarking process of the NSC exam. The entire group consisting of 264 matrics passed. We are extremely proud of our 325 Subject A's. Congratulations to our Dream Team of 2022 and everyone who contributed towards their success.

## TOP 5 - 2022

**Annemarie Antuma**
(89,85%):
7 onderskeidings

**Anli Kleynhans**
(88,86%):
7 onderskeidings

**Anthony Oosthuizen**
(88,85%):
7 distinctions

**Mia Pistorius**
(87,14%):
7 onderskeidings

# From the Captain's office

## J.W. MULLER, PRINCIPAL

My dear Brakkie family

I think you would agree with me that this first term was a rough term – not just for the staff and learners, but also for the parents. We are still recovering from this tornado of a term…

The past term was the first normal term that we have experienced since 2020. Many times, I have had to remind the staff and learners that the first term is usually the busiest term.

Apart from the wide array of extra-mural activities, many functions and what not, it is also the time to reflect on the matric results. We are studying the statistics: plans have to be made to improve on the previous year and a lot of pressure is expended on all parties to provide a plan of action.

They say, if you want to improve on previous achievements, you need to do something different – if not, you will get the same result. But this is what makes teaching such a rewarding career: stagnation is never an option. Teachers must always be prepared to embrace change. Lifelong learning is a privilege…always aiming higher to set better goals for yourself and the learners. Those teachers who are not prepared to do introspection and learn from past mistakes are not fair towards the learners. Our motto says that we must always strive towards higher achievement. And with that, we need a plan of action and clear goals.

We are very proud of our class of 2022. We attained 29 A aggregates and initially we had a 99.6% pass rate – only one learner out of 264 matrics did not make it. We attained 322 subject distinctions and pass with 84.5% Baccalaureus admission.

Our goal that we set for ourselves as a school was a 100% pass rate for 2022. So, it was incredibly gratifying news for us when we had recently been informed by the Department that the learner who had failed, had one of the papers he/she was unsuccessful in remarked and then passed.

We are therefore very proud to be able to inform you that our matric class of 2022 achieved a 100% pass rate.

On this note, I would like to share something that has been laying heavily on my heart for some time...

Upon reflection I now realise that the years that we did not achieve a 100% pass rate, this was invariably due to the learner's unfortunate subject choice. One would notice how the teachers had made recommendations to parents to change the relevant learner's subject choice. Sadly, parents flat out refused to adhere to the teacher's judgement and this often led to disastrous consequences.

I would like to remind our parents that our teachers are trained and learned specialists with degrees behind their names. Our staff are experts in their field. So, if an educator approaches you and makes a recommendation, try to take it to heart, think about it and trust the educator. In the end, we only have your child's best interests at heart. We have been in the "industry" for years and know what we are talking about. So, trust our judgement and join hands with us to fully support your child.

On a positive note: What also makes the first term exciting is the welcoming of our little "Puppies" - our new 8th graders. By now they are well integrated and have already adjusted well to the activities of the term. An addition to our Brakkie family is always something to look forward to.

Synonymous with the first term is also the Top 4 Athletics. It was wonderful to re-unite all our learners in this team effort: from all the athletes and coaches who trained hard, to our learners on the pavilion who supported their school by practicing hard on the "flashes" and battle cry.

Although we did not bring home the singing cup, but the spirit cup, which goes without saying: WE BRAKKIES HAVE SPIRIT! We stand together as one.

The meeting at Coetzenburg was a highlight - not only the meeting, but also the mercury which rose to almost 40°C! A few of the items had to be cancelled due to the severe heat. BUT, we broke a few records and, in the end, finished 2nd in the athletics. It is therefore not a surprise that we recently received the happy news that 22 of our athletes have been included in the WP team. It is indeed no small achievement.

For entertainment, we hosted Mr and Miss Fitness, as well as the annual Mr and Miss Brackenfell Senior. It is always wonderful to see so many young people at a function and to see how much our learners enjoy being part of such an experience.

On the academic front we had our prestigious academic prize-giving ceremony. We rewarded our learners for their hard work and achievements in 2022. Then one proudly marvels at our children who put in everything to realise their dreams. Every year these learners are an inspiration to me and certainly the rest of our learners. They set the standard and are an example of what can be achieved if you give it your all.

In a term as challenging as this one, it is very important to nurture one's physical and mental health. We need to replenish our drained souls. More and more I realise how easily one can be coerced into noticing the negative only. Especially when one is tired. You usually find two groups of people: one group tries to find solutions to problems and the other group that looks for a problem in every solution.

It sounds like a cliché, but it is really important to see the roses rather than the thorns. It is all so easy to fall into a rut of negativity.

I heard a quote one day. So simple, yet so true: "Happiness is an inside job." NO ONE can give you happiness. You have to create it yourself. And where does it start? In your psyche and attitude towards life.

Sometimes our own thoughts are our worst enemy. Try to be grateful for the little things. Try to notice the beautiful things that we sometimes so easily take for granted.

Let's try to focus on the positive this year. Let's find solutions rather than focusing on problems.

Let's relish the fair weather and center less on thunder. Let us Brakkies stand together rather than be divided. If all parties join forces and join hands, we can definitely take Brackenfell High School to even greater heights this year.

I am grateful for my school, my community and my people. Let 2023 exceed our greatest expectations.

Together we are stronger and with God at the helm we know we are in safe hands.

Enjoy the Easter season with loved ones. It's a privilege and a gift from God.

Kind regards

Mr. J. Muller

# A- Kandidate - 2022 Matrieks

***Volgehoue harde werk word beloon met goeie uitslae! Ons is ongelooflik trots op julle!***
***Constant hard work is rewarded with good results! We are incredibly proud of you!***

**Wilmari van Wyngaard**
**(86,57%):**
7 onderskeidings

**Chris-Nay Filand**
**(85,43%):**
**6 distinctions**

**Darrah Hose**
**(85,29%):**
**5 distinctions**

**Paul Ockhuis**
**(85,28%):**
**5 distinctions**

**Micayle Agnew**
**(84,57%):**
**6 distinctions**

**Chané Jordaan**
**(83,57%):**
**5 distinctions**

**Amoré Groenewald**
**(83,29%):**
**6 onderskeidings**

**Jessica Jacobs**
**(83,29%):**
**4 distinctions**

**Adri Keel**
**(83%):**
**5 onderskeidings**

**Zeka Hendricks**
**(82,29%):**
**5 distinctions**

**Anke Engelbrecht**
**(82,29%):**
**5 onderskeidings**

**Chloe Mentor**
**(82,4%):**
**4 distinctions**

**Lyla de Beer**
**(82,14%):**
**5 onderskeidings**

**Caitlin Halvorsen**
**(82,14%):**
**6 distinctions**

**Sean Bester**
**(81,71%): 3**
**onderskeidings**

**Shaikh Mowzer**
**(81,71%):**
**4 distinctions**

**Christiaan Alberts**
**(81,14%):**
**3 onderskeidings**

**Nicolene Huskisson**
**(81,14%):**
**4 onderskeidings**

**Sidney**
**Poggenpoel**
**(81,14%):**
**4 distinctions**

**Christopher**
**de Water**
**(80,86%):**
**5 onderskeidings**

**Gabrielle**
**Fredericks**
**(80,14%):**
**5 distinctions**

**Ashton Lippert**
**(80,14%):**
**3 distinctions**

**Chloe Vos**
**(80,14%):**
**4 onderskeidings**



**Carly Zandberg**
**(80%):**
**4 onderskeidings**

# Uit die Kaptein se kantoor

## J.W. MULLER, SKOOLHOOF

My liewe Brakkie-familie

Ek dink u sal met my saamstem dat hierdie eerste kwartaal – nie net vir personeel en leerders nie – maar ook vir ons ouers – een woeste warrelwind kwartaal was. Ons probeer nóú nog tot verhaal kom…

Hierdie was die eerste normale kwartaal wat ons weer beleef het na 2020. Ek het ook vele male vir personeel en leerders gesê dat die eerste kwartaal gewoonlik die besigste is.

Buiten dat dit besig is op buitemuurse front, vele funksies en nog wat, sit 'n mens ook met die nabetraging van ons matriekuitslae. Ons bestudeer statistieke, planne moet gemaak word om te verbeter op die vorige jaar en baie druk word op alle partye geplaas om vorendag te kom met 'n plan van aksie.Hulle sê mos as jy wil verbeter op die vorige jaar se dinge, moet 'n mens nooit weer dieselfde ding doen nie, anders kry jy mos maar net weer dieselfde resultate. Maar dit is wat die onderwys so 'n belonende beroep maak: 'n Mens mag nooit stagneer nie. Jy moet altyd bereid wees om verandering te omhels. Die voorreg van ewige leer…altyd hoër te streef en beter doelwitte vir jou en die leerders te stel. Want as n mens nie bereid is om introspeksie te pleeg nie, doen 'n mens jou kinders 'n groot onreg aan. Ons leuse sê mos darem ons wil altyd hoër streef. En daarmee saam kom 'n aksieplan en duidelike doelwitte.

Ons is baie trots op ons klas van 2022. Ons het 29 A-gemiddeldes behaal en aanvanklik 'n 99.6% slaagsyfer – slegs 1 druipeling uit 264 matrieks. Ons het 322 vakonderskeidings behaal en slaag met 84.5% Baccalaureustoelating.Ons doelwit wat ons vir ons as skool gestel het, was 'n 100% slaagsyfer vir 2022. So dit was vir ons ongelooflike verblydende nuus toe ons nou onlangs deur die Departement ingelig is dat ons druipeling een van die druipvakke laat hermerk het en nou wel geslaag het.

Ons is dus baie trots om u nou te kan meedeel dat ons matriekklas van 2022 'n 100% slaagsyfer behaal het.

Graag wil ek op hierdie noot ietsie deel wat ek al lank op my hart het…

As ek nou nabetraging doen oor die jare wat ons nie die 100% slaagsyfer behaal het nie was ons druipeling gewoonlik die slagoffer van 'n verkeerde vakkeuse. As 'n mens teruggaan op die akademiese spoor, sien 'n mens hoe die onderwysers aanbevelings aan ouers gemaak het om die betrokke leerder se vakkeuse te verander. Maar dan weier ouers volstrek om die onderwyser se hand te sterk en hul oordeel te vertrou.

Ek wil u graag herinner dat ons in hierdie skool sit met opgeleide, geleerde akademici met grade agter hul naam. Ons personeel is kundiges op hul vakgebied. As 'n opvoeder u dus nader en 'n aanbeveling maak, probeer om dit ter harte te neem, daaroor na te dink en die opvoeder te vertrou. Op die ou-end dra ons u kind se belange op die hart. Ons is al jare in die "bedryf" en weet waarvan ons praat. So vertrou ons oordeel en vat eerder hande met ons om u kind ten volle te ondersteun.

Op 'n positiewe noot: Wat die eerste kwartaal ook opwindend maak, is die verwelkoming van ons kleine "Puppies" – ons nuwe graad 8'ies. Hulle is lekker ingelyf en het al goed ingeskakel by die bedrywighede van die kwartaal. Dié toevoeging tot die Brakkie-familie is altyd ietsie om na uit te sien.

Sinoniem met die eerste kwartaal is ook die Top 4-atletiek. Dit was heerlik om weer al ons leerders te verenig in hierdie spanpoging: Van al die atlete en afrigters wat hard geoefen het, tot ons pawiljoenleerders wat hul skool ondersteun het deur hard te oefen aan die "flashes" en kreet.

Ons het nou wel nie die sangbeker huis toe gebring nie, maar wel die geesbeker. En dit spreek vanself: ONS BRAKKIES HET GEES! Ons staan saam soos een man.

Die byeenkoms by Coetzenburg was 'n hoogtepunt - nie net die byeenkoms nie, maar ook die kwik wat gestyg het tot amper 40°C! 'n Paar van die items moes gekanseller word a.g.v. die erge hitte. MAAR, ons het 'n paar rekords laat spat en op die ou-end 2de geëindig by die atletiek. Dit is dus nie 'n verrassing dat ons onlangs die blye nuus ontvang het dat ons 22 atlete het wat in die WP-span opgeneem is nie. Dis voorwaar nie 'n geringe prestasie nie.

Om die leerders bietjie te vermaak, het ons 'n mnr. en mej. Fitness gehad, sowel as die jaarlikse mnr. en mej. Brackenfell Senior. Dit is altyd lekker om so baie jongmense by 'n funksie te sien. Dis ook heerlik om te sien hoe ons leerders dit geniet om deel van so 'n ervaring te wees.

Op akademiese front het ons natuurlik ons prestige akademiese prysuitdeling gehad. Ons het ons leerders beloon vir hul harde werk en prestasies van 2022. Dan sit 'n mens breëbors en verwonder jou aan ons kinders wat hul alles insit om drome te verwesenlik. Hierdie leerders is vir my jaarliks 'n inspirasie en beslis ook vir die res van ons leerders. Hulle stel die standaard en is 'n voorbeeld van wat vermag kan word as jy jou alles insit.

Die uitdaging natuurlik van so 'n kwartaal wat baie van 'n mens vat, is om deur alles na jou geestesgesondheid om te sien. Om daardie bekertjie van jou vol te hou.

Ek besef telkemale hoe maklik 'n mens die negatiewe kan raaksien. Veral as 'n mens moeg is. 'n Mens kry mos gewoonlik twee groepe mense: Die een groep probeer oplossings vind vir probleme en die ander groep soek mos 'n probleem in elke oplossing.

Dit klink soos 'n cliché, maar dit is regtig belangrik dat 'n mens die rose eerder as die dorings moet raaksien. Dit is so maklik om in 'n groef van negatiwiteit te verval.

Ek het eendag 'n aanhaling gehoor. So eenvoudig, maar tog so waar: "Happiness is an inside job." NIEMAND kan dit vir jou gee nie. Jy skep dit self. En waar begin dit? In jou eie gedagtes.

Soms is ons eie gedagtes ons grootste vyand. Probeer om dankbaar te wees vir die klein dinge. Probeer om die mooi dinge raak te sien wat ons soms so maklik as vanselfsprekend aanvaar.

Laat ons kyk om hierdie jaar te fokus op die positiewe. Kom ons vind oplossings eerder as om te fokus op probleme.

Kom ons dra mooiweer met ons saam en nie donderweer nie. Kom ons Brakkies staan saam eerder as om te verdeel. As alle partye hul kragte saamspan en hande vat, kan ons beslis hierdie jaar Hoërskool Brackenfell na nog hoër hoogtes neem.

Ek is dankbaar vir my skool, my gemeenskap en my mense. Laat 2023 ons grootste verwagtinge oortref.

Saam is ons sterker en met God aan stuur weet ons ons is in veilige hande.

Geniet die Paasseisoen saam met geliefdes. Dis 'n voorreg.

Vriendelike groete

J. Muller

# AKADEMIESE TOEKENNINGS
# ACADEMIC AWARDS

Ons skool het die volgende toekennings gekry vir akademiese prestasie en uitnemendheid by die MOOD – METRO OOS ONDERWYS DISTRIK se Nasionale Senior Sertifikaat 2022 toekenningsfunksie.

Vaktoekennings vir aantal onderskeidings in Wiskunde Geletterdheid, Afrikaans Eerste Additionele Taal, English First Additional Language en Lewensoriëntering

We also received an award for maintaining a pass rate of between 90% and 100% as well as an award for achieving more than 100 B-degree passes in the 2022 National Senior Certificate results.

Our top achiever for 2022 and DUX learner, Philip Loubser, also received an award for his excellent pass rate of 93,7%

We are incredibly proud and grateful for the dedication and hard work of our 2022 matrics, their parents' support, as well as the effort made by our excellent teachers.

# Happy Birthday Mr Muller

*On the 6th of February Mr Muller celebrated his birthday.*
*Being a principal can be a thankless job. Teachers, students and parents all want different things. But you've taken our school up a notch through your leadership and unwavering dedication. We want you to know we've noticed and that we appreciate you.*
*Happy birthday.*

# KOORKAMP

# SENIORRAAD BY PAUL ROOS SE SENIORRAAD-BAL

Ons pragtige dames en here van die Seniorraad by Paul Roos se Seniorraad-bal. A yearly tradition where our Senior Council are invited to Paul Roos Gimnasium's formal dance. You make us proud.

Western Cape Government
FOR YOU

Don't Wait!

Apply for 2024 school year

13 March - 14 April 2023

wcedonline.westerncape.gov.za

Get your **certified** documents ready!

**Immunisation card.**
(Primary School only)

**Last school report card**
(for learners who have been to school).

**ID document** birth certificate or study documents.
**Proof of residence**.

# MR AND MISS BRACKENFELL SENIOR 2023

On the 2nd of March, we had our annual Mr and Miss Brackenfell Senior. This year, the finalists went on a cruise ship. Scene 1, they boarded the ship. Scene 2, the contestants had to take part in any entertainment on the ship. Scene 3, the ship docked in the Harbor. They had to explore any country/town/island. In scene 4, they took our breaths away in their formal wear. The night was filled with lots of entertainment and two excellent Masters of Ceremonies; Zunaid Hendricks and Gabriella Pienaar.



Congratulations to the following winners:
Mr Personality: Cameron Johannes
Miss Personality: Milïsha Gantz

2nd Prince: Caden Schaffers
2nd Princess: Esethu Velapi
1st Prince: Chelsey Joubert
1st Princess: Bayanda Kunene

Mr Brackenfell:
David Gbukuma

Miss Brackenfell:
Kgothatso Modikoe

# Mr and Miss Fitness

Die kompetisie is op 15 Februarie 2023 gehou. Die tema was die jaar SUPERHEROES
The funds generated by this competition went towards Interact, Support Services and for the grade 10 Grade Council.
Thank you for all the support and everyone who came to watch the show.



# Krieket / Cricket 2023

Hoërskool Brackenfell se krieketseisoen het weer volstoom afgeskop. Ons seuns was sommer van vroeg in die jaar reeds hard aan die werk. Ons 1ste span het deelgeneem aan die Boys High-toernooi. Dit was 'n gulde geleentheid waar hul fiksheid en vaardighede op die veld goed op die proef gestel was.

Daarna het alle spanne met hul wedstryde afgeskop. Ons seuns het 'n wonderlike seisoen beleef. Die geleenthede wat aan hulle gebied is, maak dat ons seuns elke oomblik van hul krieket geniet het. Ons onder 19A- en B-spanne het ook die voorreg gehad om teen 'n skool van Engeland (Brentwood High School) te speel. Ons sien uit na die toere wat vir ons seuns in die Septembervakansie voorlê. Ons gaan ook weer, soos oudergewoonte, in Junie-maand met ons winterprogram begin.

Met die oog daarop om die krieket hier by hoërskool Brackenfell te verbeter, is ons baie opgewonde om ook aan te kondig dat ons 'n **Krieket Akademie** begin het. Die seuns werk reeds hard saam met die verskeie afrigters. Die akademie hardloop regdeur die jaar en afrigters fokus daarop om spelers se vaardighede en talente optimaal te ontwikkel.

Graag wil ons ook baie dankie sê aan al die ouers en hulle ondersteuning - dit is lekker om weer ouers langs die velde te sien.

Krieketgroete

# OPEDAE - OPEN DAYS 2023

Hoërskool Brackenfell se opedag was gehou oor 2 dae - 21 en 22 Februarie 2023 - om alle voornemende graad 8's te akkomodeer.

The open day was a great success. The Brakkies showed their talents. The learners who were involved said, "It's so wonderful to see how others get so excited about our school that we sometimes forget just how much our school has to offer"

Ons het leerders verwelkom van regoor die Noordelike voorstede waar hul almal bietjie Brakkie gees opgetel het en ons verbruikerstudie oonde getoets het met n smaaklike koekie.

Dear Parents

Can you believe we are at the end of the first term of 2023. As a School Governing Body we want to thank you. To our Heavenly Father, for His steadfast love that never ceases, his mercies are new every morning and His faithfulness is great. Lamentations 3:22 – 23.

We want to thank you for your trust in us that you selected us among all for enrolling your child with us for a better education. We extent our gratitude towards you and promise that we would harder for a better development of your child.

Aan ons nuwe Graad-8 ouers en- leerders, hoop julle is nou al ingeburger, en deel van die Brakkie-familie. Baie dankie aan ons Senior-Raad wat hard gewerk het gedurende die oriënteringsweek. Daar was lekker gelag en nuwe vriendskappe is gebou.

Then the Flashes, what can we say. The learners made all of us so proud that day when we heard them from the field. Well done Brakkies.

Ons moet net stil staan en dankie sê vir ons Hemelse Vader vir die manier waarop Hy mnr Beukes beskerm het tydens die Top-4 byeenkoms. Dankie vir elke ouer, onderwyser en leerder wat gebid het vir hom.

We want to thank the teachers for the hard work they have put in with the athletics, tennis and cricket, our main summer sports this term. All our athletes did great some of our athletes have been chosen to represent us at Western Cape, and we trust that some of you will even make it to Nationals. Thank you for the teachers that assisted them in achieving these goals. Our Cricket team won the Summer Interschool's against Tygerberg. To our Tennis players give your best.

Baie dankie vir die onderwysers en leerders wat vir ons die “Mr and Miss Brackenfell Fitness” en die “Mnr en Mej Brackenfell” gereël het en aan die wat deelgeneem het. Ja, van ons ouers se ore was nie dieselfde na die vertoning nie, maar ons kon sien die leerders en ouers het die geleenthede geniet.

If you as a parent, especially if you are one of the new parents, are not involved in the school’s activities, please become involved. The PTA (OOV) and SOC (SOK) will thank you and as the Afrikaans Idiom says “vele hande maak ligter werk” and to quote Mr Muller’s words “'n Betrokke Brakkie is 'n gelukkige Brakkie.” This does not only apply to the learners. We as parents have lots of fun while working hard for our school. We also teach our learners an important lesson when we are involved and that is one of giving back, life is about so much more than just yourself. We are looking forward in seeing you at our next Big Sports weekend on the 24 - 25th of March 2023.

Ons wil graag versoek dat u as ouers asseblief betrokke bly in julle kinders se lewe. Alhoewel baie van die tieners soms voel dit is nie nodig nie, is daar al deur verskeie sielkundiges bevind dat dit goed is vir 'n tiener as hul ouers betrokke is en daar grense is. Dit laat hul veilig voel. Ons tieners se uitdagings verskil van wat ons as ouers ervaar het toe ons tieners was. Sommige van ons as ouers se tienerjare was self baie stormagtig, daardie onsekerheid, daarom is dit belangrik dat u kind met u daaroor kan praat. Sosiale media, en programme wat hul kyk en volg, plaas druk op tieners en ons as ouers moet soms die balans terugbring. Dit gee ons as ouers die geleentheid om hul harte te hoor, hul manier van dink te verstaan, hoe hul goed ervaar. Hierdie luister skep uitstekende geleenthede om hul te help om uit ander se foute leer. Ons kinders wil voel hulle word gehoor. Daarom, mamma en pappa, asseblief luister en verduidelik waarom sekere goed kan werk en waarom ander goed nie kan werk nie.

Even though our school’s parents have a high divorce rate and many foster kids that are housed by guardians, we want to ask parents please to be involved in your child's life. Our learners are really battling. How do we resolve conflict at home? Please support your child by instilling values and discipline at home.

Thank you to our Admin staff, the ones dealing with the parents as well as the ones that our parents have never seen. Thank you for making a difference and ensuring that the school is running smoothly.

To each General Assistant, our school looked magnificent during the Open Days. We were proud to showcase our school grounds to the prospecting new students. Thank you.

Graag wil ons 'n spesiale dank uitspreek teenoor al ons borge. Dankie dat julle weer hierdie jaar hande met ons vat.

I want to end of with our Chairpersons famous words, “Be involved, we need your support, support your child, support your child's educator, support your child's school financially i.e paying your school fees”

***Namens SGB Team / SBL-Span***

# BRAKKIES ATHLETICS ATLETIEK

Ons het die atletiekseisoen afgeskop met ons jaarlikse interhuis op 27 Januarie. Cilliers het die atletiekbeker gewen terwyl Walton die trofee vir die beste opening en Brink die geesbeker gewen het.

On 3 February we went to Worcester to take part at the Drostdy Prestige Athletics meeting. We came back with 23 Gold, 21 Silver and 22 Bronze medals. On the 7th of February we went to Somerset West Primary School for their annual meeting. Once again we came home with the lion's share of the medals.

Op 10 Februarie neem ons deel aan die Jaarlikse TOP4 – byeenkoms op Stellenbosch teen die Hoërskole Durbanville, Fairmont en Settlers. Ons behaal 'n tweede posisie na Hoërskool Durbanville. Op die pawiljoen stap ons weg met die Geesbeker.

The following athletes broke records at the Top 4

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Teagan Koopman | Girls 14 | 100m/200m |
| 2. | Alycia De Klerk | Girls 15 | 100m/200m/ Long jump |
| 3. | Jordan vd Heever | Boys 19 | High Jump |

Baie geluk aan ons ouderdomsgroepe se TROFEE wenners

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Alycia De Klerk | D/15 |
| 2. | Antoinette Marx | D/19 |
| 3. | Charlton Titus | S/19 |

On 17 & 18 February our athletes took part at the Northern Zone Athletics meeting. A total of 40 athletes were chosen to represent the Northern Zone Team at the Western Province Championships.

By die WP kampioen-skappe presteer ons atlete weer uitstekend en 22 van ons atlete word gekies om die Westelike Provinsie by die Wes-Kaap Kampioen-skappe te verteenwoordig.

# FAST FIVE TOERNOOI 2023

“Warm, maar lekker”. Dit is hoe Micke van der Westhuizen, graad 11, die Fast Five Toernooi beskryf het.

Op 24 Februarie het 17 spanne Brakkieland se bane geneem om te kyk wie 2023 se kampioen is. Die toernooi word jaarliks aangebied om fondse in te samel vir die 0/19A netbalspan se toer na die Menlo Park netbaltoernooi. Die is 'n baie bekende toernooi en spanne van regoor Suid-Afrika neem daar deel.

Na ongeveer 5 ure se netbal-en baie water en powerade- is die wenner aangekondig. Men in Black loop weg met die goue medalje. Baie geluk aan al die spelers, en baie dankie vir almal wat betrokke was om die dag 'n reuse sukses te maak. Ons sien julle volgende jaar weer.

# Rugby verslag vir kwartaal 1 van 2023

Ek wil graag begin deur te staaf watter uiterse voorreg dit is om my eerste verslag deur te gee as ons skool se Hoof van Rugby. Die laaste vyf maande was vir my 'n uitdagende, maar tog vervullende taak om ons program op dreef te kry vir die groot 2023 seisoen wat voorlê. Ons was bevoorreg om 'n paar nuwe aanstellings te maak in terme van afrigting en ek dink u sal saamstem, dat ons duidelik in die regte rigting beweeg hier. Elke ouderdomsgroep spog met ten minste een afrigter wat alreeds op provinsiale vlak afgerig het en/of gespeel het. By ons o/19-groep spog ons met twee afrigters wat provinsiaal op skole vlak afrig en nog twee wat provinsiaal gespeel het.

Ons het die kwartaal goed afgeskop deur ons spelers en afrigters bloot te stel aan leer geleenthede. Ons o/19-seuns het vir Craven Week Hoofafrigter, Clinton Van Rensburg, gehad om hulle so ‘n bietjie touwys te maak. Frankryk se skopafrigter, Vlok Cilliers, het ook by ons 'n draai kom maak om te help met ons spelers se skopwerk pale toe. Ons afrigters kon ook skouers skuur met Hein Kriek, voormalige SA Skole afrigter & Direkteur van Nederlandse Rugby.

The term presented quite a challenge to create a time for everyone where they could train and work after our first matches which took place on Friday 4 March and Saturday 5 March. It went very well with our A-teams & U19B team able to pull through against Monument Park High School. Our first XV team was able to walk away with a 45-0 victory.

We look forward to our first home game, which will also be our first league games of the season, against Bellville High School, on March 25, 2023, at our annual sports day. We would like to invite all Brakkies, young, old; alumni and future to come and support and keep the school's name high.

Daar is 'n propvol tweede kwartaal van rugby, met goeie spangees, mooi drieë en trotse oomblikke wat voorlê. Kom sluit aan en word deel van ons Brakkie-familie!

Brakkie groete
Mnr. TA Teixeira

**O14A span**

**O15A span**

**O16A span**

**O19 Chakkas v Boland Landbou**

**O19 groep & Christo Spies**

**Rugby afrigters by Hein Kriek**

**U19A draf uit teen Monument Park**

# Tennis

Our tennis season is rapidly coming to its end. This season already kicked off in term 4 of 2022. It is with great pride that we were able to continue our good level of play and maintain our momentum for this first Term of 2023. Our four teams (2 girls and 2 boys) played splendid tennis and we look back on almost 7 weeks of rounds of matches, proudly looking back on beautiful victories against schools such as Bellville, Melkbosstrand, DF Malan and De Kuilen.

Dogters Eerste en tweede spanne
(Hoërskool Strand: Toernooi)

Die seisoen was ook 'n besige een en het reeds op naweek 1 (21 Januarie 2023) met 'n dubbels- en gemengde dubbelstoernooi in die Strand afgeskop. Ons is trots daarop dat ons jaarliks steeds hierdie uitnodiging ontvang. Al 16 spelers het die geleentheid gehad om te speel. Die ouerondersteuning wat ons by hierdie toernooi ontvang het, was oorweldigend. Dit was lekker om te sien hoe ouers die spelers ondersteun en saam die tennis geniet.

Seuns Eerste en tweede spanne
(Hoërskool Strand: Toernooi)

Etienne Strauss en Kayla Nel in aksie.

Moeë, maar gelukkige spelers

The following weekend (27 January 2023) our players were involved in their very first tennis clinic. Our private and external coach, Neil Badenhorst, properly tested the players on Friday evening. Unfortunately, Saturday morning's tennis match was rained out. It was an excellent way of sharpening of skills before matches started.

Game … set … and match!
(Tenniskliniek: 27 Januarie 2023)

Dogters Eerste span –
'n fomiddabele span

Dit is lekker om te sien hoe ons spelers hul tennis geniet en ook streef daarna om hulself konstant te verbeter. Met die lekker, is daar ongelukkig ook twee matrikulante wat ons na afloop van die seisoen groet: Etienne Strauss (Seuns 1st span) en Domminique Fourie (Dogters 1ste span). Baie dankie vir jul ongelooflike jare van diens aan die Brakkie-tennisfamilie. Julle laat beslis 'n leemte en diegene wat opskuif en inskuif gaan groot skoene moet vul. Mag jul die sport vir nog baie jare geniet.

Ons kyk dus terug na 'n suksesvolle, besige, maar lekker tennisseisoen.

Tennisgroete uit Brakkieland

# CAPE TOWN CYCLE TOUR – 12 MARCH 2023
# 42km AND 109km

The following students took part in the Cape Town Cycle Tour

Stefan Lourens
Michela D'Andrea
Heiko Braasch
Danita Heigers
Joshua Heigers - He competed in the 109km
Jaydon Lind
Jaun De Lange
Jaydon Kotze
Ewan Mills
Cristian Foot
Luhann Franzsen
Hayden Botha

A lot of hard work and dedication went into preparing for this event. Our riders were up and cycling every Saturday and Sunday, come rain or shine. They were dedicated and the hard work paid off. Each and every student crossed the finish line, some of them in the top 10 of their respective age category groups.

Their Coach, Alex D'Andrea, said that he is extremely proud of each and every one of them. Just entering the race and crossing the finish line is a massive achievement in itself, as for most of these riders it was their first ever long-distance race, and it was their first EVER Cape Town Cycle tour that they took part in.

All the members of the team said "We are looking forward to next year's race and all our riders will be doing the full 109km Cycle tour. We will continue to push ourselves, with the help of our amazing coach, Alex, who has been encouraging us to better ourselves not only on our mountain bikes but with our academics as well"

We would like to urge other students to join our team so that we can expand the sport in our school.

Michela D'Andrea started a Fundraiser for the AACL - To ride the Cape Town Cycle Tour to raise money and awareness for the Cape Town Animal Anti Cruelty League. When the rest of the team heard about this - they all jumped at the opportunity to join the fundraiser.

The CPT AACL has confirmed, that an amazing total of R48 165 was raised not only by Brackenfell High School, but by all the caring people who decided to ride and raise funds on their behalf. "Next year we will be doing it again, and hope to reach our set target, with the help of the community and the amazing Brackenfell High school parents, friends and Family" - Michela D'Andrea.

We would like to thank each and every parent that made this event as special as it was - but a special thanks to our Brakkie Mascot and our amazing photographers on the day - Adele Lourens and Carina Mills, and of course our Amazing Couch - Alex D'Andrea.

# Nuwe Personeel

## ME ERICA CROUS

**Me Erica Crous** wat voorheen 'n Polisiebeampte was by Brackenfell Polisiestasie is in Januarie 2023 aangestel by Hoërskool Brackenfell as Dissiplinêre Hoof.

Part of Ms. Crous's responsibilities is to ensure that the principles of the school's Code of Conduct are maintained. She gets involved in the investigations of the more serious offenses at the school and has to make sure that the processes run correctly.

"My focus is definitely not to be the ”angry aunt”. Yes, I am there to ensure that order is maintained, but it is also very important for me to build a good relationship of trust with the learners".

Haar pa was ook in die Polisie, met die gevolg dat hulle vreeslik baie getrek het as gevolg van sy verplasings. Sy was in twee laerskole, Calvinia en Hermanus en drie hoërskole, Hermanus, Hottentots-Holland in Somerset-Wes en uiteindelik Hoërskool Brackenfell sedert 1988 waar sy dan ook matrikuleer het in 1990.

In 1991 is sy Pretoria Polisiekollege toe vir ses maande en in Julie 1991 het sy as 'n konstabel op skofte begin werk by Seepunt Polisiestasie. “Dit was nou 'n belewenis!”

“Ek is in 1992 verplaas na Brackenfell Polisiestasie toe waar ek werklik wortel geskiet het en my roeping gevind het. Ek is in 1994 aangestel as die Kommunikasiebeampte en Sosiale Misdaadvoorkomingsbeampte waar ek onder andere deur die jare verantwoordelik was vir media skakeling, Slagofferondersteunig en Safer School's Koördineerder. Alle verdere kursusse in die Polisie was gefokus om my kennis in dié spesifieke velde te verbreed. Ek het my absolute passie in die polisie ontdek en was ongelooflik trots op my werk en het dit werklik geniet, al was dit baie kere uitputtend en senutergend".

Sy het op 28 Desember 2022, 32 jaar diens in die Suid-Afrikaanse Polisie voltooi.

Sy het by Hoërskool Brackenfell aangesluit omdat sy gevoel het dat die tyd aangebreek het om nuwe uitdagings aan te pak. “Oor die jare was ek baie betrokke by Hoërskool Brackenfell as Safer School Koördineerder en het vele bewusmakingsprogramme aangebied. As gevolg daarvan het ek 'n redelike goeie idee gehad van die uitdagings wat die skool in terme van dissipline ervaar. Baie van hierdie dissiplinêre oortredings is soms ook krimineel wat dan die hele dinamika van 'n situasie kan verander. Om die rede is dit vir my so belangrik om jongmense ook met die nodige kennis te bemagtig. Ek glo absoluut daarin dat kennis mag is. Ek het 'n passie vir jongmense se ontwikkeling en ek is maar iemand wat glo dat wette en reëls, in enige omstandigheid, daar is vir 'n rede. Ek hou van die idee dat ek 'n klein skakel kan wees in die masjien van die skool wat 'n veilige omgewing vir ons leerders probeer skep waarin hulle kan leer en terselfdertyd hul skoolloopbaan geniet”.

In her free time, she is at her happiest when she can spend time with her husband and children. Ms Crous has a grandson who she is madly in love with, so at the moment he is his Grandma's boss. She likes reading, especially biographies, historical books and a good suspense story. "At the moment I'm a big fan of David Baldacci and Michael Connolly's books".

“Ek is werklik trots om nou deel van die skool te wees. Ek was regtig verstom om te sien watter ongelooflike harde werk en beplanning ingesit word van elke personeellid by hierdie skool om te verseker dat alles vlot verloop in terme van die leerders se daaglikse opvoeding. Dis eerlikwaar prysenswaardig”.

# Nuwe Personeel

## Me MINIQUE JOOSTE

**Me Minique Jooste** het in Januarie 2023 by Hoërskool Brackenfell aangesluit. Sy is aangestel as Kuns Opvoeder vir Graad 8 & 9 (Intermediêre fase) en is ook deel van die Kultuurspan.

Sy het grootgeword in Grabouw. Me Jooste het gestudeer by die Kaapse Peninsula Universiteit van Tegnologie in Kaapstad.

“Ek was bevoorreg om al dwarsoor die wêreld te werk met verskillende kulture, waar ek kuns gegee het vir gr 1-12. (Suid-Afrika, Suid-Korea, China)

Wat beteken onderwys vir haar: “Die vreugde wat dit my bring om te sien hoe 'n kind ontwikkel wanneer hy 'n spesifieke projek aanpak en hoeveel vreugde dit vir hom of haar bring wanneer hy sukses daarin behaal het. Om die wonderlike verskillende talente van die leerders in kuns te sien en om as 'n fasiliteerder op te tree, waarin ek 'n kind kan ondersteun om sy kreatiewe vaardigheide en denkrigting te ontwikkel en uit te leef in 'n wonderlike kreatiewe wêreld.

## Me TIENEKE NEETHLING

**Me Tieneke Neethling** wat Maart 2023 by Hoërskool Brackenfell begin skool hou het, is reeds 'n bekende opvoeder nadat sy reeds in Januarie 2008 begin skool hou het by Hoërskool Brackenfell tot einde Augustus 2018.

Sy was in die verlede betrokke by die Wiskunde Departement (gr 8 & 9), Wiskunde Geletterdheid, en nou ook by Fisiese Wetenskap.

Me Neethling het in Goodwood grootgeword, en het by CPUT studeer. Na 2 jaar van skoolhou het sy deeltyds haar Honneursgraad in Wiskunde Opvoedkunde gedoen, wat sy in 2009 voltooi het. Vanaf September 2018 tot Februarie 2023 was sy 'n wiskunde outeur by Mastermaths se hoofkantoor in Somerset-Wes. “My tyd by Mastermaths was die eerste keer wat ek in die privaatsektor gewerk het, en was baie leersaam. Hier het ek besef, ek mis die klaskamer”!

Wat beteken onderwys vir haar? “Ek glo ons is op aarde om mekaar te dien, en 'n verskil te maak in die wêreld om ons. Onderwys bied daagliks geleenthede om vir ander iets te beteken. Ek leer ook net so baie van die mense om my, hetsy dit te doen het met onderwys, of net die lewe self.

## Me Danelle Visser

**Me Danelle Visser** het in Bellville grootgeword en in Wellington onderwys gestudeer.

Sy het 6 jaar skool gegee by Hoërskool Labori in die Paarl en Januarie 2023 by Hoërskool Brackenfell begin. “Ek gee tans EBW gr.8-9 en Rekeningkunde gr.10-12, waar ek ook as vakhoof optree”. Onderwys het haar geleer om meer geduld toe te pas en op die tiener se vlak te kom wanneer dit by onderrig kom. “Ek geniet daardie oomblik wanneer jy kan sien die leerders verstaan uiteindelik die werk wat jy onderrig en kry ook 'n passie daarvoor”. In haar vrye tyd hou sy van sing, teken, lees en musiek luister.

# Nuwe Personeel

## Me WILQUE HEFER

**Me Wilque Hefer** het by Hoërskool Brackenfell begin skool gee in Januarie 2023.

Sy bied tans IGO vir gr.10-12 en Tegnologie vir gr.8+9 aan. “Ek is 'n atletiekbeampte, 'n spanbestuurder vir o/14A-hokkie en dan is ek in beheer van die noodhulp en waterekwilibrium”.

Sy het grootgeword in Standerton, Mpumalanga en gematrikuleer by Hoërskool Standerton en daarna haar B.Ed by Noord-Wes Universiteit voltooi. Haar eerste onderwyspos was by Hoërskool Piketberg.

Onderwys beteken vir haar innerlike geluk. Die gevoel van behoort in 'n gemeenskap.

“'n Liefde vir my vak wat ek kan oordra aan my leerders”.

In haar vrye tyd hou sy van tuinmaak en na musiek luister. “Indien ek 'n oop tydjie het, hou ek daarvan om te gaan oefen, tyd saam met geliefdes en vriende deur te bring.

## Mnr Lawrence Herselman

**Mnr Lawrence Herselman** het Januarie 2023 by Hoërskool Brackenfell begin werk as 'n opvoeder wat Ekonomiese Bestuurswetenskap vir graad 8 en 9 leerders gee. Hy gee ook Besigheidstudie vir graad 10 en 11.

Hy was vir baie jare in Senior bestuur by skole betrokke en het die voorreg gehad om by toonaangewende skole soos Northcliff High, Hoërskool Noordheuwel en Menlopark skool, skool te hou. “By elke skool leer 'n mens iets nuuts van die etos van die skool en die leerlinge wat jy onderrig”.

Mnr Herselman het besluit om 'n opvoeder te word omdat hy n passie het vir kinders en hy hou van opleiding en afrigting. “Die manier wat kinders jou aanspreek nadat hulle volwassenes is, kan jy sien jy het n indruk in hul lewe gemaak. Bv. “dankie, Meneer, dankie coach”.

'n Hoogtepunt as opvoeder vir mnr Herselman is die oomblik as jou matrieks onderskeidings behaal, en jou gemiddeld vir jou matrieks 70% is. Ook as die sportspanne wat jy afrig ligas wen. Elke provinsiale wedstryd wat jy afgerig het, waar jy te doen kry met ander leerlinge van ander skole, en die begeerte sien dat hulle wil leer en verbeter, is daardie oomblikke waarvoor ‘n mens wag/leef.

Vir tydverdryf gaan luister hy graag vir sy seun as hy optree, hy is n sanger. Herselman speel ook graag gholf en oefen in die gimnasium.

# Aftrede

## JUFFROU TREE AF NA DEKADES

Na 'n onderwysloopbaan van amper vier dekades – waarvan 16 jaar by die Hoërskool Brackenfell – het Juffrou Joanna Loftus aan die einde van Januarie 2023 afgetree.

Juffrou Loftus sê: “Hoërskool Brackenfell is my hart se punt. Onderwysers werk hard en gee hul alles en ek het groot waardering vir die administrasie en terreinpersoneel. Ek gaan almal so baie mis”.

Sy het hoofsaaklik Geografie onderrig, maar ook Afrikaans. Sy was ook betrokke by netbal afrigting en was ook 'n netbalspanbestuurder.

Me Loftus is gebore in Malmesbury, haar skoolloopbaan by die Laerskool Parke in Mosselbaai begin. Sy het haar hoërskoolloopbaan in Worcester by die Hoërskool Montana voltooi en daarna 'n BA Honneurs in Geografie en 'n onderwysdiploma by die Universiteit Stellenbosch voltooi.

Sy het 'n ingebore liefde om kennis en inligting oor te dra veral met Geografie wat haar fassineer.

Jongmense is vefrissend, eerlik en ontvanklik vir kennis. “Dit was altyd vir my 'n hoogtepunt wanneer 'n leerder 'n moeilike konsep snap en selfvertroue in sy werk bekom of 'n nuwe blaadjie omslaan, maar ook baie hartseer wanneer 'n kind alle hoop verloor en moed opgee met sy gesinslewe en afwaarts begin spiraal,” sê sy.

Juffrou Loftus sê sy is baie opgewonde oor haar aftrede. “Dis 'n bevrydende gedagte – 'n tweede kans vir lewe. My planne lê alles voor die Here; ek vra Sy leiding en seën. Ek sal graag wil voortgaan met kunsklasse en Italiaanse klasse en ook verder studeer in omgewingstudies.”

Dan wil sy reis, plaaslik en oorsee, by 'n diereskuiling werk en tot diens wees van haar medemens, sê sy.

## Fluit -fluit, my storie is na 38 jaar uit!



Mnr Braam Mouton het einde 2022 afgetree na 34 jaar se onderwys by Hoërskool Brackenfell.

In 1989 het mnr Mouton begin skool gee by Hoërskool Brackenfell met sy hoofvak as Geografie. In 2001 is hy as Departementshoof vir dié vakgebied aangestel.
“Daar is niks lekkerder as om met kinders te werk wat respekvol en gemotiveerd is nie – dis 'n voorreg in die lewe,” sê mnr Mouton.

Hy is gebore in Ceres en het aan die Hoërskool Charlie Hofmeyr gematrikuleer. Hy was vir twee jaar in die weermag by die Pantserskool in Bloemfontein en daarna sy BA (LO) graad aan die Universiteit Stellenbosch en later ook 'n B.ED voltooi.

Buiten akademie het Mouton ook 'n liefde vir sport en was hy die gholf-organiseerder by die skool vanaf 1995. Hy het ook atletiek afgerig en rugby.

“Ek sien baie uit na my aftrede veral omdat my vrou saam met my aftree. Ons is altwee baie lief vir die natuur, so kamp en om plekke te verken in die land waar ons nog nie was nie, is op die agenda”.
“Ek sal graag ook so 'n bietjie meer aan my gholf-voorgee wil werk”.